**Woensdag 8 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 23:20-33 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Eksodus 23:20 (AFR83)**
**God belowe bystand aan sy verbondskinders**

Wat beteken God vir jou, daar waar jy dalk jou werk verloor het, of waar jy onseker is oor die pad wat vir jou voorlê, of jy dalk finansieel swaarkry? In die lewe vandag is daar baie onsekerheid oor werk, of finansies, en selfs mense se toekomsplanne.

Die volk Israel staan voor presies so ’n probleem. Hulle is so pas verlos uit die mag van die Egiptenare. Hulle moes inderhaas vertrek uit Egipte en hulle het hulle eerste “onderonsie” oorleef toe die Rietsee oor die Egiptenare toegemaak het. Dit is hier waar hulle nou vir die eerste keer rustig geraak het dat die Here van die geleentheid gebruik maak om sy volk voor te berei op die pad wat nog vir hulle voorlê. So pas het hulle die Wet ontvang, en nou sê Hy wie Hy is.

Wat sê Hy? Hy belowe sy hulp en krag en bystand vir hulle op die pad wat voorlê. In vers 20 belowe die Here dat Hy ’n engel voor hulle sal uitstuur, en verder in die gedeelte hoe Hy hulle sal bystaan as hulle hul vyande moet vernietig, en selfs hoe Hy hulle grense vir hulle sal vasstel.

Hy is die God van die Verbond. Hy sal op hierdie wyse vir hulle ’n God wees. Hy het dit alreeds bewys deur die verlossing uit Egipte. Maar hulle moet ook sy volk wees! Hy verwag van hulle om Hom alleen te dien, geen ander gode voor sy aangesig nie (vs 32). Hulle mag ook nie die gewoontes van die ander volke oorneem nie (vs 24). Hulle moet Hom alleen dien. Dan sal hulle die wonderlike seën van die Here in hulle lewens ervaar.

Deur die eeue heen het die Here nie verander nie. In Christus het Hy ons verlos van die slawerny van die sonde. Hy het ook deur die uitstorting en inwerking van die Heilige Gees bewys dat Hy werklik nog ’n God is vir ons. Hoe sal Hy dan nie ook al die ander dinge saam met Hom skenk nie? As God dan vir ons is, wie kan teen ons wees (Rom. 8:31)? Soos die Here dit aan sy volk belowe, so belowe Hy dit ook aan jou. Hy is met jou elke dag van jou lewe, Hy laat jou nooit alleen nie, al is dit so dat jy dalk sonder werk sit, of jy onseker is oor jou toekoms, of jy watter probleme ook al ervaar. Ons behoort aan die ware God en daarom kan ons rustig voor Hom lewe as sy gehoorsame verbondskinders en weet en besef dat Hy ons elke dag bystaan.

*Sing: Skrifberyming 17/17-1:1, 6*
*Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)*